Die bewaring van suiwer Arabiere

deur Izak Hofmeyr

Die hings Sidi Tornado, wat die hoeksteen van Sabaa Arabiere se teelprogram vorm. Hy is een van baie min hingste wat relatiewe konsentrasies van Nazeer-bloed op Balance-bloed bied. Dit, sê Carel, maak hom as 'n individu uniek in Suid-Afrika



Die ou Arabiere het 'n gesegde gehad wat sê die bewaring van die Asil Arabier lê nie in die behoud van die bloedlyne alleen nie, maar in die voorreg van die Arabierperd om die woestynwinde in sy neusgate te voel. Hierdie punt is volgens Carel van der Merwe van Sabaa Arabiere van Pretoria, die enkel belangrikste beginsel waarvolgens enige teelprogram van Arabierperde bestuur behoort te word.

"Die wisselwerking tussen oorerwing en omgewing is 'n fundamentele beginsel as dit kom by die bewaring van die Asil, of te wel suiwer Arabierperd. Die Arabier is per slot van rekening wat hy is as gevolg van die omgewing waarbinne hy ontwikkel het. Hy is wat hy is as gevolg van waar hy vandaan kom. Die Asil Arabier is ontwikkel as deel van die Bedouin kultuur van Arabië waar betroubare karakter, uithouvermoë en gehardheid die waarborg moes bied vir oorlewing."

As 'n mens egter hierdie beginsel aanvaar, ontstaan die vraag onmiddellik of dit dan moontlik is vir die Arabier om te bly voortbestaan buite die woestyn?

Die antwoord hierop, sê Carel, hang af van wat jy met die perd maak en derhalwe waarvoor jy hom selekteer nadat hy uit sy omgewing weggeneem is.

"Bo en behalwe dat daar volgens die 'puriste' 'n vraagteken hang oor die suiwerheid van 98% van die Arabierperde in die wêreld wie se bloedlyne nie bo redelike twyfel teruggetrek kan word tot Arabiese oorsprong nie, hang dit ook meer spesifiek af vir watter eienskappe jy selekteer en op watter manier jy daardie eienskappe toets. Natuurlik is daar baie soorte markte en verskillende aanwendings vir die Arabierperd, maar saam hiermee moet ons aanvaar dat subjektiewe maatstawwe, soos byvoorbeeld die skouring, die Arabier baie gou van sommige van sy oorspronlike eienskappe kan vervreem. Aan die ander kant is ek oortuig dat die uithouritbaan 'n belangrike seleksiemaatstaf is."

Carel is egter terdeë daarvan bewus dat daar maar slegs 'n handjievol ware Asil Arabierperde in die wêreld oor is. Om vir Asil te kwalifiseer moet 100% van die bloedlyne afkomstig wees vanaf Arabië. Uit hierdie groep kom omtrent 90% uit Egipte.

"Die Asil Arabierperd verteenwoordig vandag minder as 2% van geregistreerde Arabierperde ter wêreld. Die meeste van hierdie perde is tot op hede in teelprogramme gebruik waar die skouring die telingsmaatstawwe gedikteer het. Wat Sabaa Arabiere se ambisie dus besonders maak, is dat sommige Asil-lyne wat in die Antieke Egipte die beste in perderesieskompetisies presteer het en wat besig is om verlore te gaan, in 'n teelprogram bymekaar gebring word en as belangrike lyne hervestig word."

Navorsing oor resiese in antieke Egipte, uithouritte in Suid-Afrika en selfs `n besoek aan Egipte, sê Carel, het hom gehelp om spesifieke lyne te identifiseer.

"Wat my aangegryp het, was die feit dat dit perderesies was op grond waarvan perde destyds in Egipte geselekteer is, en wat die perde se edel eienskappe uitgebring het – dit waarvoor hulle deur die geskiedenis so suksesvol aangewend is tydens oorloë en strooptogte."

Dit is juis op grond van hierdie navorsing dat hy op die naam Balance afgekom het. Dié hings het tussen 1932 en 1934 aan 17 wedrenne in Egipte deelgeneem, waarvan hy 14 gewen het, twee keer tweede was en een derdeplek behaal het. Hy was die mees suksesvolle renperd in die geskiedenis van die sport in Egipte.

"Die meeste moderne lyne gaan almal na die Morafic-familie terug. Morafic was 'n uiters suksesvolle Asilhings in die Amerikaanse skouring, en is tot 'n groot mate verantwoordelik vir die bekendheid van die Asil Aabier in Amerika. Sy nageslag het oral oor die wêreld naam gemaak. In Suid-Afrika het Ahir, wat 'n Morafic seun was en selfs deur sy nageslag op die uithouritbaan bekendheid verwerf het, homself byvoorbeeld onderskei, terwyl 'n Morafic-broer, Farag, in Duitsland baie goed gedoen het. Farag se seun, Hamasa El Fagr, het net soveel bekendheid verwerf op die uithouritbaan. Deur Morafic loop die bloedlyn direk na die bekende stamvader, Nazeer.

"As mens egter na Nazeer se rekord in Egipte kyk, dan is dit duidelik dat dit nie naby Balance se rekord kom nie. Nazeer is ook net twee keer op Balance dogters gebruik. Die tragedie is dus dat daar maar bitter min perde in die wêreld oor is wat wel Balance in hulle stamboom het."

Die rede hiervoor, spekuleer Carel, is dat die Westerse invloed op wat mooi aan 'n perd is, nie noodwendig ooreengestem het met wat funksioneel doetreffend is nie.

"Kyk mens na die fotos van Balance wat nog beskikbaar is, is dit duidelik dat hy nie soos die tipiese Arabier gelyk het soos wat hy in die Weste bekend geraak het nie. Dit is doodgewoon so dat Balance nie aan die vereistes vir die Westerse skouring voldoen het nie."

Daar is by hom nog 'n ander kommer ook, sê Carel, en dit is dat daar slegs enkele Asil dogters van uithouritpresteerders soos Ahir en Hamasa El Fagr in Suid-Afrika oor is en nie noodwendig in Asilteelprogramme gebruik word nie.

Dit is op grond van hierdie stand van sake dat hy begin het om te soek na Asildiere wat Balance in hul voorgeslag het, en meer spesifiek waar Nazeer op Balance-dogters gebruik is.

In dié opsig noem hy die name van drie baie belangrike merries, naamlik Lar Malika, Arabest Halina en Lar Shawania wat deur veral die Sidistoet na Suid-Afrika ingevoer is.

"Hoewel Lar Shawania dogters gelewer het, is daar nie eensgesindheid onder puriste oor die suiwerheid van die hingste wat by haar gebruik is nie. Arabest Halina het geen dogters gelewer nie, maar wel seuns onder wie die hings Sidi Tornado. Dit bring ons by `n belangrike hoeksteenmerrie, Lar Malika en veral haar dogter Bint Malika. Sy is die resultaat van die kombinasie van die bekende Ahirbloedlyne op Lar Malika

Die merrie Durakha Darisha, wat 'n goeie voorbeeld van 'n Asilhings (Ahir) by 'n Englese merrie is.

Die vul is 'n Tornado-dogter, met ander woorde weer 'n Asilhings. Hierdie is 'n voorbeeld van die kruisteelprogram waarmeee Sabaa Arabiere besig is

se Nazeer-Balance-lyne. Wat nog `n bonus is, is dat Bint Malika se nageslag ook in die skouring presteer. Dogters van Bint Malika is by die Sidi-stoet en ook hier by ons by die Sabaa-stoet." Die hings Sidi Tornado het vir Carel besondere betekenis.

"Tornado se uniekheid as die Sabaa-stoet se eerste Asilhings lê daarin dat hy een van enkele hingste is wat relatiewe konsentrasies van Nazeer-bloed op Balance-bloed bied, en dit kom 'n paar keer aan beide vader- en moederkant voor. Dit maak hom as 'n individu uniek in Suid-Afrika. Met die Lar Malika dogter, Shaheer Cyclini en Sidi Tornado, hoop ons om in die toekoms hierdie bloedlyne te bewaar. Die plan is ook om hierdie seisoen vir Tornado op die uithouritbaan te begin toets."

Volgens Carel leer die ondervinding dat Asilhingste op Engelse Arabiermerries uitstekend kombineer. Engelse Arabiere is bekend vir hul goeie konformasie, terwyl die uithou-eienskappe van die Asilperde met sy lae polsslag en goeie herstelvermoë bo verdenking is. Die gebruik van Nazeer-nageslag soos Ahir en El Fagr op Engelse merries het veral goeie sukses op die uithouritbaan gebring. Met Tornado wat `n Nazeer-Balance kombinasie is as anker, rus Sabaa Arabiere se teelprogram dus op twee bene – 'n suiwer Asilprogram waar Nazeer-Balance-lyne bewaar word aan die een kant en aan die ander kant 'n kruisteelprogram met merries uit die Engelse Arabierlyne wat reeds swaar gelaai is met Ahir en El Fagr-lyne.

Wat sy suiwer Asilteelprogram betref, sê Carel hy wil twee mikpunte bereik. Aan die een kant wil hy sekere foute wat die Asilperd het uitteel, maar aan die ander kant wil hy 'n kudde Asilperde opbou wat uit die ou beproefde lyne bestaan.

"Ek dink dat ons gevaar loop om baie eienskappe op die lang termyn te verloor as ons nie daadwerklik pogings aanwend om die Asilperd in sy suiwer vorm te bewaar nie, en as ons nie weer gaan soek na die lyne wat in die verlede werklik gepresteer het nie."

Een van die groot hartseerstories in Suid-Afrika, sê hy, is dat mense met Asildiere sit, maar nie waardering het vir die kleinood wat in hulle hande is nie en dan sommer enige hings of merrie gebruik. So gaan waardevolle erfenisse en teelmateriaal verlore.

"Waar kry ons weer die Asillyne wat werklik presteer het as hulle eers tot niet is? Balance is 'n goeie voorbeeld. Hy was die beste resiesperd wat Egipte nog opgelewer het, en tog sit ons vandag met slegs 'n handjievol van sy nageslag. Waarom? Omdat die mode skougeoriënteerd was en hy nie aan die skoumaatstawwe voldoen het nie.

"Dit is daarom krities dat ons 'n groep mense sal hê wat hulle daarvoor beywer om suiwer Asilperde te teel en op grond van prestasie te bly toets. As ons 'n sterk basis van suiwer teling het kan ons met gerustheid kruisteling toepas, sonder die gevaar dat die suiwer perde al minder raak.

Pogings soos die nuutgestigde Asilklub in SA kan 'n goeie bydrae in hierdie verband lewer, sê hy. **SAH**

Die merrie Shaheer Cyclini is 'n dogter van Lar Malika en dus 'n direkte afstammeling van die Balance/Nazeer kombinasie.

In kombinasie met Sidi Tornado hoop Carel om deur haar dié gesogde bloedlyne te hervestig en te bewaar